

**Vrydag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18**

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:12, 18**

***Modi operandi van die sonde en van Jesus***

In die verse word drie prosesse verduidelik. Eerste proses:

*Ek – versoek – bevrug – baar sonde – dood*

As ek versoek word, raak ek geïnteresseerd in die versoeking, speel daarmee rond, vertroetel dit. So word die versoeking bevrug, sonde gebore. Sonde word groot, verdrink my in die dood.

Maar, en dit is die tweede proses, daar is 'n ander manier om te lewe:

*Ek – versoek – weerstaan – salig-gelukkig – lewe*

Ek word versoek. Maar ek bevrug nie die versoeking nie. Ek weerstaan die versoeking, draai my rug op die versoeking, raak met ander dinge besig. So kry die versoeking nie kans om bevrug te word en tot dood te groei nie. Ek is salig-gelukkig, ek lewe.

Lewe of dood, dit is wat op die spel is as ek versoek word. En dit lyk so eenvoudig om 'n versoeking te weerstaan. Maar ek wil nie die versoeking onbevrug laat verbygaan nie, “die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek” (Rom. 7:19).

As dit van my afhang, word versoekings bevrug, groei die embryo's tot sonde, word volwasse, verdrink my in die dood. Daarom is hier 'n derde proses:

*God – lief – wil – bevrug – evangeliewoord – eersteling – lewe as kroon*

God is lief vir my. Hy wil nie dat versoekings my dood beteken nie. Hy wil my salig-gelukkig laat lewe. Daarom bevrug sy Gees my met die evangeliewoord: In my plek sterf Jesus vir my sonde, staan in 'n nuwe lewe op, stuur sy Gees om my te nuut te maak. Uit hierdie Woordbevrugting groei ek tot 'n lewende, eerste getuie van God se lewe wat deur die ganse skepping pols.

Omdat ek in hierdie derde proses deur die evangeliewoord bevrug is, bly ek kies vir die tweede proses. Want dis hier waar Wie God is, sigbaar word.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*